

**Hein Willemse** André P. Brink: 'n erkenning

'n Commendatio gelewer by die toekenning van die eregraad, Doctor Litterarum (honoris causa), aan André P. Brink tydens 'n gradeplegtigheid by die Universiteit van Pretoria, 7 April 2003<sup>1</sup>

Meneer die Kanselier,

Vir meer as veertig jaar het André P. Brink (gebore op 29 Mei 1935 op Vrede in die Vrystaat) 'n kolossale teenwoordigheid in die Afrikaanse letterkunde. Sonder vrees vir teenspraak kan gesê word dat hy een van die uitstaande skrywers en letterkundiges in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde is. Hy is op talle letterkundige terreine werksaam as skrywer, vertaler, kritikus, interpreteerder en vernuwer van letterkundige strominge. Op al hierdie terreine kan sy gepubliseerde produksie slegs as verbysterend beskou word. Buiteom die literatuur is hy bekend as 'n kulturele kommentator en 'n aktivis teen sensuur en maatskaplike onreg.

Brink voltooi sy voor- en nagraadse studie aan die Universiteit van Potchefstroom. Hy behaal onder meer twee meestersgrade, een in Engels (1958) en 'n tweede in Afrikaans (1959). Voor hy in 1961 as 'n lektor aan die Universiteit Rhodes op Grahamstad aangestel word, studeer hy aan die Sorbonne in Parys. In 1975 verwerf hy 'n doktorsgraad op grond van sy gepubliseerde kritiese werke. Tussen 1980 en 1990 is hy 'n hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Rhodes. Vanaf 1990 tot 2001 met sy uittrede is hy professor in Engels aan die Universiteit van Kaapstad.

As redakteur van die tydskrifte, *Sestiger* en *Standpunte*, speel Brink in die jare sestig tot tagtig 'n toonaangewende rol in die eksperimentering in en die vernuwing van die Afrikaanse prosa asook die bekendstelling van internasionale literatuur tendense. Sy sterk stellinginname teen sensuur kenmerk sy bydraes tot eietydse polemieke in Afrikaanse koerante en tydskrifte. Van sy belangrikste artikels word in sy versamelbundels, *Mapmakers: Writing in a State of Siege* (1983), *Waarom Literatuur?* (1985), *Literatuur in die strydperk* (1985) en *Reinventing a Continent* (1996) gepubliseer.

As literator is Brink dié kolos van die Afrikaanse letterkunde. Sedert sy eerste kritieke is van sy werk kennis geneem. Benewens sy tientalle

kritiese artikels wat telkemale grondverleggend in die Afrikaanse letterkundige diskoers was, het sy boeklenge monografieë *Orde en chaos* (1962), *Aspekte van die nuwe prosa* (1967), *Aspekte van die nuwe drama* (1974) *Die poësie van Breyten Breytenbach* (1971) en *Vertelkunde* (1987) verreikende invloed op die bestudering van die Afrikaanse literatuur gehad. In *Aspekte van die nuwe prosa* en *Aspekte van die nuwe drama* verklaar hy nie net nuwe letterkundige tendense in verskeie Europese letterkundes nie, maar begelei hy sowel sy eie prosa- of dramaeksperimente as dié van sy Afrikaanse tydgenote.

As dramaturg het Brink onder die indruk van die teater van die absurde 'n aantal dramas soos *Die tas*, *Die trommel* en *Die koffer* geskryf wat die eksistensiële angs van die laat-twintigste-eeuse mens dramatiseer. In *Die verhoor* en *Die rebelle* vertolk hy soos in sy romans aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis of in *Die hamer van die hekse* en *Toiings op die lang pad* bou hy voort op ouer Afrikaanse tekste, terwyl hy met *Elders mooiweer en warm*, *Kinkels innie kabel* en *Die bobaas van die boendoe* bekende dramas uit die wêreldliteratuur ver-skryf. *Pavane* en *Die jogger* is beide gesitueer in veranderende sosiale kontekste waar die kwessie van menslikheid in gewelddadige omstandighede onder die loep geneem word. Alhoewel die gehalte van sy dramas as wisselend bestempel kan word, is Brink 'n vernuwende dramaturg wat op sy beste van die voorste dramas in Suid-Afrika geskryf het.

Dit is veral as romanskrywer dat hy met sy eksperimentele werk in 1962 en 1963, *Lobola vir die lewe* en *Die ambassadeur*, tot 'n groot omwenteling in die Afrikaanse letterkunde aanleiding gee. Saam met *Sewe dae by die Silbersteins* (1962) van Etienne Leroux en *Die son struikel* (1960) van Dolf van Niekerk word hierdie romans bestempel as betekenisvolle draaipunte in die Afrikaanse romankuns. Met *Looking on Darkness*, die Engelse vertaling van die destyds verbanne *Kennis van die aand* (1973), bereik hy internasionale bekendheid, 'n status wat met sy daaropvolgende sosiaal-betrokke romans met rasseskrede verhoog word. Hy is gevolglik die mees vertaalde Suid-Afrikaanse skrywer. Sy romans is tot op hede in meer as dertig tale vertaal.

Brink se vernuwing in sy romans berus op lewensbeskoulike, strukturele en stilistiese aanpassinge wat aanvanklik neerslag kry in sy óópbrek van tradisionele opvattinge rondom die wese van die romanteks en tematologiese aspekte soos seks en religie, tendense wat soos intertekstuele bestuiwing en verwysing, dwarsdeur sy skrywersloopbaan prominent figureer. Menslike seksualiteit word in sy erotiese volheid ontdek en beskryf, dikwels metafisies verken, terwyl religie

gesekulariseer word. Terwyl sy eerste romantekste – *Die meul teen die hang* (1958), *Die gebondenenes* (1958) en *Eindelose weë* (1960) – sosiaal-realisties gerig is, is *Lobola* en *Die ambassadeur* gemik op die individuele interieur en die karakters se metafisiese ruimtes. In *Orgie* (1965) en *Miskien nooit* (1967) neem Brink sy eksperimente verder en verken hy, nie oral suksesvol nie, maar altyd betekenisvol, nuwe romanmatige terreine.

In *Kennis van die aand* (1973) eksplorieer Brink, onder die invloed van Jean-Paul Sartre se *littérature engagée* en die betrokkenheid van Albert Camus, doelbewus die sosiaal-maatskaplike problematiek van Suid-Afrika. Dié roman is soos sy ander politieke romans uiters toeganklik en sou selfs bestempel kon word as 'n terugkeer na 'n vorm van sosiaal-realisme. Die sentrale romangegewe is die tragiese liefdesverhouding tussen 'n bruin man en 'n wit vrou, 'n verhouding wat destyds die basis van apartheid – sosiale skeiding gebaseer op velkleurverskille – ondermyn het. Dit was die eerste Afrikaanse roman wat deur die sensuurowerhede verbied is en uiteindelik daartoe bygedra het dat Brink daarna toenemend sy romans naas Afrikaans ook in Engels geskryf het.

Die politieke stroming word tot van die hoogtepunte in sy roman-oeuvre ontwikkel in onder meer 'n *Oomblik in die wind* (1975), *Gerugte van reën* (1978), 'n *Droë wit seisoen* (1979), *Houd-den-bek* (1982), *States of Emergency* (1988), *Die eerste lewe van Adamastor* (1988), *Die kreef raak gewoond daaraan* (1991) en *Inteendeel* (1993). In hierdie romans, individueel en gesamentlik, word in historiese en kontemporêre verband sentrale maatskaplike kwessies aangespreek: die verwickeldheid van liefde tussen man en vrou en die vernietigende uitwerking van sosiale druk; die spanning tussen magsbeheptheid en die individu se maatskaplike gewete; die rol van die denkende, gewone individu in 'n maatskappy gekenmerk deur sosiale onreg. Hier verken Brink as vertolker van die Suid-Afrikaanse sosiale gewete met uitnemendheid die diepgang van die breër bevolking se aandrag op maatskaplike vryheid. Terselfdertyd diep hy vergete historiese oertekste op, terwyl hy met eietydse romanteoretiese vernuwing soos intertekstualiteit en refleksiewe verhaaltegnieke sy verhale in interessante romanstrukture omskep.

Voorts vernuwe hy onder die invloed van die feminisme op interessante maniere die aard en rol van die subjek in *Die muur van die pes* (1984), *Sandkastele* (1995) en *Anderkant die stilte* (2002). In dié romans skep Brink sterk vrouefigure wat in die meeste gevalle meer as net die vroulike teenhangers van soortgelyke manlike figure in sy vroeëre romans is. Hy ondersoek die betekenis van bannelingskap, die aard van vroulikheid en soos voorheen die metafisiese en historiese betekenis

van seksualiteit en die liefde. Teenoor destruksie, onderwerping en mag wat wesenlike manlike attribute is, is sy vrouefigure dikwels die draers van heling, demokratisering en voortgang. In sy onlangse werk, *Duiwelskloof* (1998), *Donkermaan* (2000) en *Anderkant die stilte* betree Brink weer eens nuwe terreine waarmee hy die veranderde Suider-Afrikaanse omgewing en die gevolge van individuele reaksies op daardie verandering karteer.

Die hoë aansien wat Brink plaaslik en internasionaal geniet, word bewys deur die literêre pryse wat hom te beurt geval het. Die Eugène Marais-prys is vir *Caesar* aan hom toegeken, die Akademieprys vir Vertaalde Prosa vir *Alice deur die spieël* en die Reina Prinsen Geerlig-prys vir *Lobola vir die lewe*. Hy het drie keer die CNA-prys ontvang vir *Olé* (1965), *Rumours of Rain* (1978) en *A Chain of Voices* (1982). Die Hertzogprys van die Akademie vir Wetenskap en Kuns is twee keer aan hom toegeken: *Die jogger* (2000) en *Donkermaan* (2001). In Brittanje is hy vereer met die Martin Luther King Memorial Prize (1980). Vanweë sy noue verbintenis met die Franse kultuurlewe is hy op verskillende wyses deur die Franse vereer. In 1980 word die Prix Médicis Étranger, die hoogste Franse toekenning vir internasionale literatuur, aan hom toegeken. Hierdie eerbewys word opgevolg toe hy tot ridder van die Legioen van Eer en Offisier van die Orde van Kuns en Lettere onderskeidelik in 1982 en 1987 benoem is. In 1992 word sy rang van Offisier tot Kommandeur verhoog. In Maart 2003 word die Statebondskrywersprys vir die Engelse weergawe van *Anderkant die stilte – The Other Side of Silence* – aan hom toegeken.

Meneer die Kanselier, om die omvang van André P. Brink se intellektuele arbeid in die tweede helfte van die twintigste eeu ten volle te beskryf, is 'n haas onbegonne taak.

Ek versoek die Universiteit van Pretoria om die graad Doctor Litterarum (honoris causa) aan hierdie uitstaande akademikus toe te ken en daarmee erkenning te gee aan hierdie voorstaander van konstante vernuwing, hierdie formuleerder van die altyd krities-ondersoekende sosiale gewete en die skrywer van die vlotste romans in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse letterkunde.

#### Aantekening

1. Die commendatio is tydens die geleentheid deur die dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe, prof. Marie Muller, voorgedra.